

17 April

Skrifgedeelte: Lukas 15:11-24
Fokusgedeelte: Lukas 15:11-24

God soek en vind deur sy evangelie

Daar is op die oog af 'n verskil tussen die verlore seun en die verlore skaap en muntstuk. Die skaap en die muntstuk moet gesoek word, terwyl die seun klaarblyklik uit eie beweging terugkeer. Hoe moet ons dit verklaar?

Enige gelykenis is beperk in sy vergelyking. Daarom het die Here telkens verskeie gelykenisse gebruik om dieselfde saak te belig. Die gelykenisse van die verlore skaap en muntstuk teken God se kant in ons verlossing. Hy soek en vind in sy almag sy verlore eiendom. Die gelykenis van die verlore seun daarteenoor belig die mens se verantwoordelikheid wat die keuse maak om terug te keer na die Vaderhuis. Die een sluit die ander nie uit nie, maar is die twee kante van dieselfde saak. Die mens kan immers nie kies as God hom nie gevind het nie. Christus sê immers: "Niemand kan na My toe kom as die Vader wat my gestuur het, hom nie na My toe trek nie" (Joh. 6:44).

Elke mens op aarde wat tot bekering kom, is eiendom van God wat deur die sonde verlore geraak het en deur die verlossing in Christus met die Vader versoen is. God werk die geloof en tog eis Hy dat ons moet glo. Hy bekeer ons hart en tog roep Hy ons tot bekering. Hy roep ons op tot aksie en tog vra Hy nooit enigiets wat Hy nie reeds gegee het nie. God soek en vind, maar Hy doen dit deur die roepstem van sy evangelie.

Laat ons ons verantwoordelikheid nougeset nakom deur God se roepstem wat sondaars roep tot bekering, oral te laat hoor. Maar laat ons dit doen met ootmoed, omdat ons weet dat elkeen wat reageer, dit doen omdat hy God se eiendom is wat deur Hom gevind is.

Sing: Skrifberyming 1-1 (24):1, 6

Ds. HB Hattingh (Warmbad)